

'n Smorgasbord van uiteenlopende selfportrette deur meer as 70 van Suid-Afrika se voorste visuele kunstenaars, skrywers en musici word binnekort in die Paarl naby Kaapstad tentoongestel.

Die uitstalling *Self* bestaan uit bydraes van onder andere MJ Lourens, Johan Stegmann, Anton Kannemeyer, Pauline Gutter, Ingrid Winterbach, Kate Arthur, Jill Joubert, Conrad Botes, Deon Maas, Eben Venter en Antoni Schonken.

Pierre le Riche is die kurator.

Volgens Amanda Plaatjie, bestuurder van die Glen Carlou-wynlandgoed se Gallery@Glen Carlou, kom die idee vir die uitstalling van die tendens met selfportrette deesdae.

“Ons galery is nog nuut – ons het eers in November verlede jaar ons deure oopgeswaai – en het met die huidige tendens rondom selfportrette gedink dit sal ’n goeie idee wees om met ’n uitstalling daarop te fokus,” sê sy.

Die galery het sy net wyd gespan en nie net selfportrette in ’n visuele of beeldende kunsvorm in die uitstalling opgeneem nie, maar ook kunstenaars se multimedia of musikale uitbeeldings.

“Ons het die spatie om verskeie kunsvorms te vertoon; daarom het ons enige kunsvorm verwelkom. Musiek, byvoorbeeld, vul ’n spatie op ’n ander manier as ’n skildery, en dit rond ons uitstalling eintlik baie goed af.”

Sy sê die meeste van die kunswerke is ook te koop.



Die strokiesprentkunstenaar **Anton Kannemeyer** het twee selfportrette vir die uitstalling gekies.

“Die eerste werk kom uit my dagboeke rondom 2001-'02, en die tweede uit 2017. Toe dink ek dit sal nogal interessant wees om te sien hoe die twee langs mekaar lyk.”

Hy sê die naasmekaarstelling gee nie iets spesifiek oor homself weer nie.

“Dit is wel visueel interessant. In die tweede werk het ek aanhalings van bekende skrywers gebruik wat kommentaar lewer oor kwessies wat kunstenaars vandag trompop loop: kulturele toe-eiening, byvoorbeeld.

“Dit is interessant om te kyk wat mense in die verlede daaroor gesê het en dan te besef die onmiddellike situasie is vlietend en onbelangrik.”

Anton Kannemeyer se ‘Nine Self-portraits’. Foto: Anton Kannemeyer

Die



skrywer **Ingrid Winterbach** se olieverfskildery *Self-portrait as a Male Painter* is ook te sien.

“Dit beeld ’n manlike skilder uit, effens karikatuuragtig verwring, voor ’n esel, besig om ’n naakte vroulike model te skilder,” sê sy.

“Dit speel ’n bietjie met die kwessie van die geprivilegeerde manlike versus vroulike skilder – ook met die Westerse skildertradisie waarin vroue gewoonlik naak en passief uitgebeeld word, die manlike skilder by implikasie die aktiewe agent is, en die skildery dikwels gemaak word vir die erotiese plesier van ’n veronderstelde manlike kyker.

“Dit wil al hierdie sake op hul kop draai.”

Deon Maas, TV-vervaardiger, joernalis en skrywer, se bydrae is in video-formaat.

“Op die ouderdom van ses word daar vir jou vertel dat jy mooi teken, skryf, sing, rugby speel, koekies bak,” het hy uit Duitsland gesê.



’n Skermgreep uit Deon Maas se video vir die ‘Self’-uitstalling. Foto: Deon Maas

“Het jy regtig hierdie talent of werk jy net hard genoeg daaraan om dit te ontwikkel omdat dit van jou verwag word? Hoeveel druk plaas ’n openbare beeld op jou om op ’n sekere manier op te tree? Kan jy ‘jy’ bly as daar verwagtinge van jou is?”

“Die verskil tussen wie ek veronderstel is om te wees en wie ek is, het my nog altyd gefassineer. Watter een van die twee is die regte ek?”

Die jong Stellenbosse komponis **Antoni Schonken** het homself en sy werk in ’n klankinstallasie, getiteld *5 Simultaneous Memories*, vasgevang.

“Die werk is eintlik vyf collages wat gelyktydig aangebied word en handel oor drie onderwerpe waarna ek telkens in my werk terugkeer: liminaliteit – wat soms verwys na die tussengang tussen lewe en dood maar ook tussen vergeet en onthou – intervensie en haat.”

Die installasie het ’n bewegingsensor wat die klank sal aktiveer sodra ’n besoeker aan die galery naby genoeg is. ’n Kombinasie van al vyf klankbane sal dan deur luidsprekers speel.

“So bied ek aan mense ’n blik op wie ek as komponis is,” sê hy.

Die skrywer **Eben Venter** het ses foto’s vir die uitstalling gekies uit ’n reeks van 49 wat sy doktorsale tesis aanvul.

“My tesis gaan oor die aard van vertaling – die oordrag van betekenis van een medium na ’n ander,” het hy uit Australië gesê.

“My foto’s is ook ’n vorm van vertaling: ’n ervaring vind plaas en word ‘oorgedra’ deur ’n beeld met ’n kamera

daarvan te maak.



Byron Bay, NSW, Australia.

*'Oh god,
what is this,
... picture of mine*

“Elkeen van hierdie beelde is geannoteer met woorde uit my roman *Green as the Sky is Blue*. Maar net soos die kamerabeeld nooit ten volle die ervaring kan vasvang nie, so is die meegaande woorde ook nie ’n direkte verduideliking van die beeld nie. Daar is ’n duidelike gaping tussen ervaring en beeld en woord.”

* Die uitstalling *Self* open op 28 Julie om 11:30 in die Glen Carlou-wynlandgoed se Gallery@Glen Carlou in die Paarl. Dit kan elke dag tot 22 September tussen 09:00 en 17:00 besigtig word. Toegang is gratis. Besoek www.glencarlou.co.za/gallery vir meer inligting.